

Nuusbrief 12 4 Mei 2017

Saamgestel deur Wilna van Rooyen

083 454 2843 wilnav@leeuwenhof.co.za

Welkom terug!:

In hierdie uitgawe:

Bl. 1 Welkom terug!

Ma's

Bl. 2 Baie dankie

Gebruikte bande

Welpierugby

Bl. 3 Belangrike datums

Moedersdaguitnodiging

Die Mei is mammas se maand!

Dit is vir ons pure plesier om u welkom terug te heet by ons skool, na ons April vakansie. Ons hoop ons maatjies is uitgerus, om met entoesiasme en ywer aan al die interessante aktiwiteite deel te neem!

Hierdie termyn speel ons rugby, kry ons koud, leer ons baie en speel met oorgawe!

Ons vertrou die nuwe termyn gaan vir elkeen 'n aangename en opwindende ervaring wees!



Ma's :

Ek onthou hoe my geliefde ma elke aand voor haar bed gekniel het. Sy het my geleer dat God nie in kerke woon wat ons soos 'n siek familielid net op Sondag besoek nie.

Sy het vir my 'n God gewys wat in die teenwoordige tyd leef en wat na my gebede luister, my simpatiek gehandel en wat aan die einde van die dag van my verantwoording eis; aan my ouers en aan Hom.

Jill Briscoe





Veels geluk aan almal wat in Mei verjaar!:

Juf. Jeannine, Leie Ward, Zhuné Venter, Ryan Benecke, Tjaatd du Plessis, Danika Keulder, Lumay Engelbrecht, Emma van Pletzen, Ruvan Venter, en Li-marie Strydom. Mag dit 'n wonderlike, geseënde jaar vir jul elkeen wees!

Gebruikte motorbande:

Baie, baie dankie aan elkeen wat ons so gehelp het om motorbande te kry: Jacqui Hex en Juan Horstman, ons waardeer dit oneindig baie!



Baie dankie!:

BAIE DANKIE aan Monique vir die groot krat Legoblokkies wat sy aan ons geskenk het! Dit is so waardevol en gaan die maatjies uitdaag om die mooiste konstruksies te bou!

Baie geluk!:

Aan ons Hoërskool, wat puik gevaar het in die PUK 16 reeks, gedurende die vakansie, met rugby en netbal.



Welpierugby:

Ons eerste wedstryde vind op Saterdag 6 Mei te Laerskool President Steyn plaas. Ons het die maatjies in drie groepe ingedeel en elke maatjie sal 'n speelbeurt of drie kry.

Ons kom by die Leeuwenhof 'gazebo' bymekaar, waar die afrigters hul groepies sal ontmoet.

Daar is baie spelertjies op so 'n dag en ons hoop u gaan die ervaring sommer baie geniet! Die seuntjies is te dierbaar en die passie waarmee hul speel is bewonderenswaardig!

Die RANDHARTwelpiedag verander na Laerskool MW de WET—20 Mei.

Belangrike datums:

- 6 Mei:** Welpierugby Pres. Steyn
12 Mei: **Moedersdagverrassing!**
Tee en Koffie—enige tyd van 07:00 af tot 08:15, wanneer u kindjie afgelaai word!
13 Mei: Welpierugby Oosterkruin
19 Mei: Balledag—elkeen bring 'n bal, met name op, asseblief!
20 Mei: Welpierugby MW de WET
25 Mei: **Hemelvaartdag**
Ons besoek die Kerk naby skool
27 Mei: Welpierugby Leeuwenhof
29 Mei: **Tot 1 Junie**—tradisionele kos
2 Junie: **Boeresport en Worsbraai**



Moedersdagverrassing!

Ons nooi ons mamas, wat hul kinders by die skool aflaa, om op Vrydag 12 Mei enige tyd van 07:00 tot 08:15 'n koppie tee of koffie saam met ons te drink!

Ons maatjies het 'n klein verrassing vir elke Mamma!

Dit sal heerlik wees om vir 'n oomblik saam met u te kuier.

Mamas:

Dit wat ma's op die harte van hul kinders skryf, kan die ruwe hande van die wêreld nooit uitwis nie.

Ananiem



Meimaand is die fokus op ma's:

Vir 'n kind is sy of haar mamma, naas pappa, die belangrikste persoon in sy of haar lewe. Die liefde van 'n mamma kan deur niemand anders nageaap word nie. 'n Mamma sal haar lewe opoffer vir haar kind. Terselfdertyd moet 'n mamma ook die grense stel, wat help om 'n gebalanseerde kindjie groot te maak. Sterkte met die wonderlike, maar groot verantwoordelikheid!

Vriendelike groete! Wilna van Rooyen

